

**Vrydag 8 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 11:1-15**

**Fokusgedeelte: Numeri 11:1, 4, 6  
(1953-vertaling)**

### **God is my begeerte**

Die Israeliete kla as hulle verder deur die woestyn trek. Dit laat die toorn (woede) van die Here ontvlam. Die Here stuur vuur uit die hemel wat van die kant van die laer af begin brand. As Moses vir hulle met gebed intree by God, dan gaan die vuur dood.

Nie lank daarna nie, of die Israeliete begin weer kla. Die oorsaak van hulle murmurering is hulle "lus" vir vleis. Hierdie "lus" is 'n selfsugtige begeerte. In vers 6 sê hulle selfs: "... ons siel is dor, daar is glad niks nie: net manna ...!"

Die Israeliete verstaan nie mooi dat die mens se diepste begeerte nie vleeslik (begeerte na kos, drank, seks ens.) is nie, maar geestelik. Satan het hulle met die leuen verlei om te dink dat vleis hulle kan volmaak. Die Heilige Gees leer dat God die mens se diepste begeerte is.

Dit leer die Here ook in Johannes 6. Ná die vermeerdering van die brode sê Jesus vir hulle: "*Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe ...*" (Joh. 6:27).

Die mense vra toe dat Hy vir hulle die brood moet gee. Sy antwoord aan hulle was: "*Ek is die Brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; wie in My glo, sal nooit dors kry nie*" (Joh. 6:35).

Bid dat die Here jou en my sal help om ons vleeslike behoeftes (na kos, drank, seks) in diens te stel van ons eintlike begeerte – om vervul te word met sy Heilige Gees (Ef. 5:18). Vra Hom om jou oormatige begeerte na kos om te buig na die begeerte na Hom.

*Sing: Psalm 118-1: 14*

*Ds. PGP le Roux (Pieter) (Wonderboompoort)*